basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

GESKIEDENIS V1

FEBRUARIE/MAART 2011

ADDENDUM

Hierdie addendum bestaan uit 12 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: HOE SUKSESVOL WAS DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) IN DIE OORLOG IN VIËTNAM?

BRON 1A

Die bron hieronder fokus op die Tet Offensief en die Amerikaanse publiek se reaksie daarop. Geneem uit *International Relations 1914 – 1995* deur T Rea en J Wright.

Die keerpunt in die oorlog was die Viëtkong se Tet Offensief in 1968. Sewe-en-sestig duisend Viëtkongse troepe het 100 Suid-Viëtnamese dorpe en stede bestorm en 12 Amerikaanse militêre basisse beset. Selfs die Amerikaanse ambassade in Saigon is hewig aangeval. Die Amerikaanse magte het gou die meeste van hierdie plekke herower, maar die probleem vir die Amerikaanse bevelvoerders was dat die Viëtkong-aanvalle deur die Amerikaanse publiek op televisie gesien is. Die Amerikaners kon self sien dat hulle nie besig was om die oorlog te wen nie.

Die Amerikaanse nuusverslae het gewys hoe daar binne die gronde van die ambassade geveg word, en die ergste verslag was een wat gewys het hoe 'n Suid-Viëtnamese polisieman 'n Viëtkong-gevangene in die kop skiet. Binne weke na die Tet Offensief het meningspeilings gewys dat slegs 26% van alle Amerikaners Johnson se hantering van die oorlog gesteun het – 'n afname van 14%.

In die strate van Amerika het betogers die volgende gesing: 'Haai, haai, LBJ, hoeveel kinders het jy vandag doodgemaak?' (LBJ was President Lyndon Baines Johnson.) Na die Tet Offensief het die getal betogers teen die oorlog gestyg.

BRON 1B

Die twee bronne hieronder verwys na die My Lai-massamoord.

<u>Visuele bron</u>: Hierdie foto is ná die My Lai-massamoord van 1968 geneem. Dit toon vroue en kinders wat deur Amerikaanse soldate vermoor is.

<u>Geskrewe bron</u>: Die volgende is 'n gedeelte van 'n onderhoud met Paul Meadlo (Amerikaanse soldaat wat by die My Lai-massamoord betrokke was) wat in die *St. Louis Post*, 'n Amerikaanse koerant, op 25 November 1969 verskyn het.

Hoekom het hy dit gedoen?

'Ons was almal onder bevel,' het Meadlo gesê. 'Ons het almal gedink dat ons die regte ding doen. Op daardie tydstip het dit my nie gehinder nie.'
Hy het daardie aand ernstig begin twyfel oor wat hy gedoen het … Hy sê dat hy steeds twyfel.
'Die kinders en die vrouens – hulle het nie enige reg gehad om te sterf nie.'
'Aan die begin,' het Meadlo gesê, 'het ek net gedink dat ons die Viëtkong gaan vermoor.'
Hy, soos ander lede van sy kompanie, het die vorige aand 'n afdelingsvergadering bygewoon waar die bevelvoerder, Medina, hulle belowe het dat daar 'n goeie geveg op hulle wag …
Sy herinneringe spook by hom, sê hy. 'Hulle het nie eens probeer om terug te veg nie. Die vroue het hulle kinders teen hulle vasgehou en nie teenstand gebied nie. Hulle het hulle kinders styf teen hulle mae vasgedruk en hulle liggame bo-oor hulle kinders gehou om hulle te probeer beskerm. Dit het egter nie veel gehelp nie,' het Meadlo gesê.

BRON 1C

Die grafiek hieronder toon die getal Amerikaanse soldate wat tussen 1963 en 1973 in die oorlog in Viëtnam ontplooi is. Geneem uit *Essential Modern World History* deur S Waugh.



VRAAG 2: WAT WAS DIE MOONTLIKHEDE EN UITDAGINGS WAARVOOR KENIA TE STAAN GEKOM HET OP PAD NA UHURU?

BRON 2A

Hierdie is 'n uittreksel uit 'n artikel deur R Conley wat in *The New York Times*, 12 Desember 1963, gepubliseer is met die titel 'Verheugde Kenia Verkry Sy Onafhanklikheid Van Brittanje'.

Nairobi, Kenia, Donderdag, Des. 12 – Kenia het vandag as Afrika se jongste onafhanklike staat verrys.

'n Gejubel het die land deurtrek. Brittanje se Union Jack is met die swart, rooi en groen vlag van die nuwe staat se politieke mag vervang. Brittanje se laaste Oos-Afrika-kolonie het uit die greep van sy 55 759 blankes gegly en is deur die 8 365 942 Afrikane oorgeneem.

Verandering is oral sigbaar, van modderhutdorpies aan die hange van Berg Kenya tot by ou Arabiese dorpies langs die kus, waar gekerfde voordeure steeds groot koperpenne het om te keer dat olifante hulle weg inbeur.

In Nairobi is die bronsbeeld van die eerste lord wat 'n halfeeu gelede die hoogland vir wit boerdery oopgemaak het, en wat voor die New Stanley Hotel in die middestad gestaan het, verwyder. 'n Onafhanklikheids-(water-)fontein het die bronsbeeld vervang.

Die hoofstraat se naam het na Kenyatta Avenue verander. Foto's van mnr. Kenyatta versier die strate. Voortaan sal 20 Oktober as Kenyatta-dag bekend staan, een van die land se tien nasionale vakansiedae.

Alles dui daarop dat Kenia in 'n eenpartystaat sal ontwikkel volgens die patroon van amper elke ander swart land op die kontinent. Mnr. Kenyatta is dus besig om bykomende steun te verwerf sodat hy 'n sterk sentrale regering en eenpartystaat kan stig, terwyl mnr. Ngala amper elke kans verloor het om die verspreide reeks streeksadministrasies wat hy bepleit het, te skep.

BRON 2B

Die volgende bestaan uit 'n geskrewe en 'n statistiese bron wat met Kenia se ekonomiese groei te make het:

<u>Geskrewe bron</u>: Die volgende uittreksel uit *The State of Africa*, deur M Meredith, fokus op ontwikkelinge in Kenia ná onafhanklikheid.

Afrika se aandeel in nuwe maatskappye, wat ná onafhanklikheid gestig is, het van 19 persent van die totaal in 1964 gegroei tot 46 persent in 1973. Kenyatta se regering het ook ywerig plaaslike selfhulpontwikkelingsorganisasies, bekend as *Harambee* – 'n KiSwahili-woord wat 'laat ons saamwerk' beteken – geadverteer. Hierdie organisasies was vir die bou en bedrywighede van skole, gesondheidsklinieke en watervoorsiening verantwoordelik. Kenyatta het daarvan gehou om sy gehore te herinner 'God help hulle, wat hulleself help'.

In die 1970's was die jaarlikse groeikoers van landbou 5,4 persent. Die hoofstad, Nairobi, het Kenia se groeiende vooruitgang weerspieël. Dit het as 'n internasionale besigheids- en konferensiesentrum gefloreer, en die stad se silhoeët het voortdurend met die bou van nuwe hotelle en kantoorblokke verander. Buitelandse toeriste het na die land se asemrowende nasionale parke en kusoorde gestroom, wat 'n belangrike bron van inkomste was. In die algemeen was die ekonomiese rekord van die Kenyatta-jare indrukwekkend. Bruto binnelandse produk (BBP) het gemiddeld 6% per jaar in die 1960's en 6,5% in die 1970's gestyg. Die jaarlikse gemiddelde groeikoers van per capita-inkomste was 2,7% tussen 1960 en 1970.

<u>Statistiese bron</u>: Gemiddelde BBP-groeikoers in geselekteerde Afrika-lande 1960 – 1979. Geneem uit *Africa – A Biography of the Continent* deur J Reader.

LAND	1960 – 1970	1970 – 1979
Tanzanië	6,0%	4,9%
Kenia	6,0%	6,5%
Ghana	2,1%	-0,1%
Cote d'Ivoire (Ivoorkus)	8,0%	6,7%

BRON 2C

'n Skets deur die kunstenaar William Kentridge, wat die ryk politici, sakemanne en regeringsamptenare van Afrika-lande, soos Kenia, wat in Mercedes Benz-motors rondgery het, veralgemeen. Daar is na hulle as die 'wabenzi' verwys. Datum onbekend.



VRAAG 3: HOEKOM WAS DIE SELMA-NA-MONTGOMERY-OPTOGTE IN 1965 IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) SO BETEKENISVOL VIR DIE BURGERREGTEBEWEGING?

BRON 3A

Die uittreksel hieronder uit 'n artikel in *National Geographic*, Februarie 2000, deur C Stone, illustreer hoe die optogte uiteindelik 'n hoogtepunt bereik het met die aanneem van die Voting Rights Act van 1965.

Vyf-en-dertig jaar gelede het burgerregte-aktiviste aan 'n protesoptog van Selma na Montgomery deelgeneem wat gelei het tot die aanneem van die Voting Rights Act in 1965.

Selma was toe 'n klein dorpie in die suide van Amerika met 28 000 mense en daar was segregasie met betrekking tot skole, behuising, werke, teaters en swembaddens. Soos miljoene swart Amerikaners, is dié in Selma ook die reg ontneem om te stem deur kopbelasting, geletterdheidstoetse en ander intimiderende praktyke.

… Die Voters League het 'n beroep op Martin Luther King Jr. gedoen om sy charismatiese invloed in die stryd te werp. In Januarie 1965 het King 'n reeks betogings in Alabama gereël. 'Ons moet bereid wees om by die duisende tronk toe te gaan', … 'Ons smeek nie op ons knieë vir die stemreg nie, ons eis die stemreg ...'

… Op Sondag 7 Maart het honderde betogers, onder leiding van John Lewis en Hosea Williams van die SCLC (Southern Christian Leadership Conference), 'n 54 myl (86 kilometer) -optog aangepak. By die Edmund Pettus-brug is hulle deur Alabama-staatstroepe, wat deur Goeweneur George Wallace gestuur is, gekonfronteer. Sheriff Jim Clark en sy polisie-afdeling (assistente van die sheriff) was ook daar. Hulle is beveel om uitmekaar te gaan, maar die betogers het geweier om pad te gee … Clarke se manne, party op perde, het woes onder die betogers ingeklim. 'n Chaos van traangas en 'n geslaan met swepe en knuppels het 'n hele paar betogers bewusteloos gelaat … Televisiebeelde van knuppels wat geswaai word, is regoor Amerika gebeeldsend. Amerikaners was geskok. Ironies genoeg het 'n vreedsame optog gewelddadig in 'Bloedige Sondag' geëindig.

… Momentum vir nog 'n optog het begin opbou. Op Dinsdag 9 Maart het Martin Luther King Jr. 2 000 mense oor die Pettus-brug gelei. Weereens het staatstroepe die pad versper. King het die betogers laat omdraai en niemand is beseer nie.

Die volgende week het President Lyndon Johnson op televisie 'n beroep gedoen dat wetgewing vir die beperkings wat swartes verhoed het om te stem, opgehef moes word.

… Vir vyf dae, van 21 tot 25 Maart, was daar rye betogers op die pad tussen Selma en Montgomery. Onder leiding van King het meer as 3 000 mense vanaf Selma vertrek. Teen die einde van die optog het King die skare, wat tot meer as 25 000 mense gegroei het, van die onderpunt van die trappe van die stadsaal oor nasionale televisie toegespreek. Nog 'n spreker was Rosa Parks, wie se weiering om haar sitplek op 'n bus in Montgomery prys te gee, gehelp het om die moderne Burgerregtebeweging aan die gang te sit.

John Lewis het gesê: 'Die optog was 'n keerpunt in die beweging.' Daardie Augustus het die Kongres die Voting Rights Act aangeneem.

BRON 3B

Hierdie bron bestaan uit twee foto's wat tonele van die Selma–Montgomery-optogte uitbeeld.

<u>Foto 1</u>: Hierdie foto, wat op 7 Maart 1965 geneem is, se titel is 'Bloedige Sondag'. Dit toon hoe staatstroepe geweld gebruik het om betogers te keer.

<u>Foto 2</u>: Hierdie foto toon hoe Martin Luther King Jr. op 25 Maart 1965 die optog van Selma na Montgomery lei.

VRAAG 4: WAT WAS DIE INVLOED VAN DIE SWARTBEWUSSYNSBEWEGING OP DIE SOWETO-OPSTANDE VAN 1976?

BRON 4A

Die uittreksel hieronder, geneem uit *Biko* deur D Woods (Biko se vriend) verduidelik die filosofie van Swart Bewussyn.

Fundamenteel rig Swart Bewussyn hom op die swart mens en sy situasie, en in hierdie land word die swart mens aan twee magte blootgestel. Eerstens word hy deur 'n eksterne wêreld onderdruk deur geïnstitusionaliseerde masjinerie (apartheidsregeringsmagte) en deur wette wat hom beperk om sekere dinge te doen, deur swaar werksomstandighede, deur swak vergoeding, deur moeilike lewensomstandighede, deur swak onderwys; dit is alles ekstern tot hom.

Tweedens, en ons beskou dit as die belangrikste, het die swart mens in homself 'n sekere staat van vervreemding (isolasie) ontwikkel, hy verwerp homself juis omdat hy die betekenis wit heg aan alles wat goed is, met ander woorde, hy stel goed gelyk aan wit. Dit spruit uit sy lewe en uit sy ontwikkeling van kindsbeen af. Wanneer jy byvoorbeeld skool toe gaan, is jou skool nie dieselfde as die wit skool nie, en die slotsom waartoe jy kom, is dat die onderrig wat jy daar kry, nie dieselfde is as wat die wit kinders op skool kry nie. … Die huise is anders, die strate is anders, die ligte is anders, so jy is geneig om te begin voel dat daar iets onvolmaaks aan jou menswees is en dat volmaaktheid met wit gepaardgaan.

BRON 4B

Die volgende is deel van 'n onderhoud met Murphy Morobe, 'n studente-aktivis by Morris Isaacson School, Soweto. Hy onthou die invloed wat Swart Bewussyn op sy denke gehad het. Geneem uit *Soweto A History* deur P Bonner et al.

[As gevolg van Swart Bewussyn het ek] meer bewus geraak van die posisie van swart mense in hierdie land en in hierdie township. Ek kon dorp toe gaan; ek kon die kontras en die verskille sien, en dit het baie vrae by my laat ontstaan. Daar het 'n behoefte by ons ontstaan om meer idees oor bevrydingstryde te ontdek, nie net in hierdie land nie, maar ook oor wat in ander gebiede gebeur het. Daar is altyd 'n lys van verbode boeke gepubliseer en vir ons het dit beteken dat wat ook al die regering verbied het, eintlik iets goeds moes wees en dit was deel van ons jeugavonture om aktief te probeer om hierdie boeke op te spoor. Die 1970's was nie lank na die belangrike studente-opstande in Frankryk, Europa en die Burgerregtebeweging en die Swartmagbeweging in die Verenigde State van Amerika nie. 1974 was natuurlik die jaar wat die Portugese in Mosambiek en Angola verslaan is en ek dink dat toe dit gebeur het, het dit 'n groot impak op ons gehad. Ek onthou dat ek 'n vergadering probeer reël het toe baie mense voortvlugtig was en die polisie daarop uit was om mense gevange te hou. Ons het almal voorgegee dat ons swemmers was en het die vergadering, slegs in bikini's en swembroeke geklee, by die swembad in Orlando gehou. Ek moet sê dat dit nie die gemaklikste manier was om 'n ernstige vergadering te hou nie, maar dit was buite sig van die owerhede.

BRON 4C

Hierdie bron bestaan uit 'n visuele en 'n geskrewe bron en hou verband met die Soweto-opstande.

<u>Visuele bron</u>: Hierdie is 'n foto geneem uit *South Africa 1948 – 1994* deur M Roberts. Dit toon studente wat op 16 Junie 1976 in Soweto betoog het.

DO NOT WANT AFFRIKAANS (WIL NIE AFRIKAANS HÊ NIE)

TO HELL WITH AFRIKAANS (WEG MET AFRIKAANS)

<u>Geskrewe bron</u>: Die volgende is 'n uittreksel uit Steve Biko se kommentaar oor die rol wat die filosofie van Swart Bewussyn in die Soweto-opstande gespeel het. Geneem uit *Steve Biko Speaks for Himself in News and Letters*, November 1977.

Waar is die bewys van ondersteuning van Swart Bewussyn deur die jonger geslag? In een woord: Soweto! Die durf, toewyding, doelgerigtheid en duidelike analise van die situasie – al hierdie dinge is beslis 'n gevolg van Swartbewussyn-idees onder die jonger geslag in Soweto en elders. Maar dit kan nie gemeet word nie. Die mag van 'n beweging lê daarin dat dit daadwerklik mense se gewoontes kan verander. Hierdie verandering is nie te danke aan geweld nie, maar wel as gevolg van toewyding en morele oorreding. Dit is wat tot die jeug deurgedring het. Hulle besef dat ons nie bloot met brood-en-botter-vraagstukke werk nie.

ERKENNINGS

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende bronne geneem:

Bartels, J et al. 2006. *Shuters History* (Shuter & Shooters Publishers)
Bonner, P and Segal, L. 1998. *Soweto A History* (MML)
Bottaro, J et al. 2006. *Oxford in Search of History Grade 11* (Oxford University Press)
Brazier, C. 'Racism: Shouldering Our Responsibilities' (*New Internationalist Magazine*, March 1985)
Brooman, J. 1992. *The Age of Excess* (Longman)
Brooman, J. 2005. *The Cold War – Superpower Relations 1945 – 1989* (Longman)
Culpin, C. 2000. *South Africa Since 1948* (John Murray Publishers)
'GCSE Modern History Review' – *Hindsight, Vol. 12*, January 2002
Govender, SP et al. 2006. *New Generation History Grade 12* (New Generation Publishing Enterprises)
Graves, F et al. 2006. *Moments in History* (Juta Gariep)
Kelly, N et al. 1996. *The Modern World* (Oxford)
Lane, P. 1978. *The USA in the Twentieth Century* (Batsford) Leadership, vol. 10
Mazrui, Ali A. 2003. *General History of South Africa, Vol. 8: Africa Since 1935*, UNESCO
Meredith, M. 2005. *State of Africa: History of Fifty Years of Independence* (Johnathan Ball)
New Generation History Grade 12 Study Guide 2009 (New Generation Publishing Enterprises)
Nugent, P. 2004. *Africa Since Independence* (Palgrave)
O' Callaghan, DB. 1974. *From Roosevelt and the United States* (Longman)
Rea, T and Wright, J. *International Relations 1914 – 1995* (Longman)
Reader, J. 1998. *Africa – A Biography of the Continent* (Penguin Books)
Roberts, M. 2001. *South Africa 1948 – 1994* (Longman)
Smith, N. 2000. *The USA 1917 – 1980* (Oxford University Press)
Taylor, D. 2002. *The Cold War* (Heinemann)
Waugh, S. 2001. *Essential Modern World History* (Canale)
Woods, D. 1987. *Biko* (MML)
www.wenjaz2.blogspot.com
www.guardian.co.uk.

Kopiereg voorbehou